Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

Augustus 2018

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

God se toekomsvisie vir sy kerk

Die Dordtse Leerreëls (4)

**"Loof die Here, want Hy is goed,
aan sy liefde is daar
geen einde nie!"**

- Psalm 107:1

www.gksa.org.za

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Prof. J Smit
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm elders in die uitgawe

Intekengeld word jaarliks aangepas. Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word. Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

JAARGANG 120, NO. 3326 - Augustus 2018

INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR
Die wederkoms van Christus

4 UIT DIE WOORD
Grondbesit: vanselfsprekendheid of verantwoordelikheid?

6 REDAKSIONEEL
Die antichris

8 BRANDPUNT
God se toekomsvisie vir sy kerk nou uitgeleef

FOKUS
10 Die Dordtse Leerreëls (3) – Hoofstuk 3/4:1-6, 11-12
12 Die Kerkorde van Dordrecht 1618-1619 in konteks
14 Gelowige nadenke oor geloofswaarhede (1)

ANDER
16 Woorde in die Bybel – *dunamis, dunamai*
18 Persrubriek

IN DANKBARE HERINNERING ...
19 Ds. PG Geertsema

20 Op die Kerkwerf
30 Kleinadvertensies

Ds. LJ Badenhorst (Lou) (emeritus)

Grondbesit:

vanselfsprekendheid of verantwoordelikheid?

Lees: *Josua 14:1-15*
Teks: *Josua 14:6, 15*

Toe die mense van Juda na Josua toe gekom het in Gilgal, het Kaleb seun van Jefunne, 'n Kenassiet, vir Josua gesê: "Jy onthou wat die Here vir Moses, die man van God, oor jou en oor my gesê het in Kades-Barnea" ... Die naam van Hebron was voorheen Kirjat-Arba. Arba was die naam van 'n groot man onder die Enakiete. Die oorlog was verby, die land het gerus.

Vir die meeste mense is grondbesit uiters belangrik. Of jy nou 'n individu of lid van 'n volk is, grondbesit is baie belangrik. Vandag is die saak weer op almal se lippe. Daar is duisende opinies oor die saak. Een van die grootste vrese vandag vir ons in Suid-Afrika is dat ons ons grond kan verloor. Maar dié Skrifgedeelte wys weer vir ons grondbesit en getrouheid aan God loop hand aan hand.

Waarom moet die land verken word?

Moeg en sat van hulle woestyntog, wag Israel buite Kanaän, die beloofde land. Hulle wag op die Here se instruksies. Die Here het hulle beveel volgens Numeri 13:2: "Stuur manne om die land te verken." As dit dan die beloofde land is, waarom moet dit verken word? Die Here leer hulle en ons dat voorbereiding altyd nodig is, en dat 'n gelowige nie net in 'n saak inplons sonder om eers bestek op te neem nie.

Hierdie was egter ook 'n toets. Die Here wil kyk hoe gaan sy volk reageer as hulle die inwoners sien. Dis dan op hierdie punt dat die volk 'n toets druip.

Moses stuur stamleiers om die land te gaan verken. Ook Kaleb, die seun van Jefunne, die Kenassiet, word aangewys om te gaan. Sy mense was nakomelinge van Esau uit Edom. Hulle was dus familie van Israel, heel moontlik proseliete (bekeerlinge) wat hulle by Israel gevoeg het. Party Israeliete het op hulle neergesien, ander het hulle weer aanvaar solank hulle God gedien het. Onder hulle was daar natuurlik ook leiers en gelowiges. So 'n persoon was Kaleb.

Deur die hele woestyntog het hulle uitgesien na die dag wanneer hulle die beloofde land in besit kan neem. Dit was mos 'n belofte van God self. Hulle was nog entoesiasties toe hulle die vrugbaarheid van die land sien en dat dit spreekwoordelik "oorloop van melk en heuning". Toe die verspieders terugrapporteer, voel 'n groot groep van die volk die taak is te moeilik en hulle deins saam met van die verspieders terug. By al die mooi vooruitsigte kom daar nou 'n "maar" by. Dinge lyk op die oog af goed, maar die inwoners is te sterk. Party van hulle is dan reuse! Hulle was die nakomelinge van Enak, 'n wilde horde barbare wat vir niks gestuit het nie. Het Israel werklik gedink alles gaan in hulle skoot val sonder dat hulle iets hoef te doen?

Ons lees in Numeri 13:31 dat die verspieders sê die inwoners is doodeenvoudig te sterk vir Israel. Ná die wonder by die Rooisee praat hulle nog so. Ná al die ander wonders in die woestyn dink hulle steeds min van God. "Ons is soos sprinkane in hulle oë." Volgens hulle vertel God nie die waarheid nie, of Hy hou hulle vir die gek. So

redeneer God se uitverkore volk mos maklik sodra 'n opdrag iets van hulle verg.

Geloof in God

Maar dan kom 'n aanvanklike buitestaander, 'n Edomiet, en beweer dat hulle gerus moet optree en die land in besit moet neem. Is dit heidense braafheid, onkunde of wat? Nee, die Edomiet openbaar geloof in God, vertrou op sy mag en maak staat op God se beloftes. Dis as't ware blindelingse geloof en navolging van God net omdat Hy dit so beloof het. Kaleb het gehoor van die beloftes aan Abraham, Isak en Jakob, en hy hou daaraan vas.

Kaleb sê in Josua 14:8: "… *my broers wat saam met my opgetrek het, het die hart van die volk laat versmelt terwyl ek volgehou het om die Here my God te volg."* Volgens Josua 14:9 het Moses 'n profetiese uitspraak gemaak wat lui dat die land wat sy (Kaleb se) voet betree, aan hom en sy kinders in ewigheid as 'n erfdeel sal behoort, omdat hy volgehou het om die HERE, hulle God, te volg.

In Numeri 14:24 sweer die Here: *"… Kaleb … omdat hy volhard het om My te volg, hom sal Ek bring in die land waarin hy gekom het en sy geslag sal dit in besit neem."* Omdat hy die Here getrou gevolg het, is hy uitgesonder. Juis toe die volk ontrou was.

Grond is 'n gawe van God

Geen volk moet dink hy hét of kry 'n land omdat dit sy reg is nie. Dis 'n gawe van God, 'n gawe wat Hy skenk sodat Hy deur die volk in daardie land verheerlik kan word. Israel het twee ballingskappe beleef, hoe het hulle hul gawe beskou? Hoe het hulle Hom in hulle land verheerlik? Wat doen ons met die gawe van ons land? Het ons God getrou gevolg en verheerlik in die land wat Hy aan ons geleen het? Hierdie Skrifgedeelte wys aan ons dat ons nie moet aanvaar ons het ons gebied vir ewig nie. God kan dit gee aan ander wat dalk meer getrou is as ons. God bly altyd die Eienaar van 'n land, en 'n volk kan deel in die gawe wat Hy skenk, mits hulle getrou bly aan Hom.

Wat is besig om in Suid-Afrika te gebeur? Baie beweer hulle grootste vrese gaan nou bewaarheid word. As dinge so aangaan wat grond betref, gaan die volk naderhand nie meer 'n eie geografiese gebied besit nie, beweer baie. Die fout lê by die "getrou volg" van die Here. Toewyding aan Hom alleen het erg verval. Vertroue op Hom alleen en gehoorsaamheid aan sy Woord is deesdae oudmodies en uitgedien. Ons is nie meer dankbaar vir dit wat die Here ons gegee het nie.

In hierdie ou geskiedenis sien ons Kaleb se vertroue, gehoorsaamheid en dankbaarheid het meegewerk onder God se uitverkiesende genade dat hy by God se volk ingesluit word. Hy het nie net geestelike dinge gekry nie, maar ook 'n gebied waarin hy God kon verheerlik.

Volg God met oorgawe!

God gee sy genade aan ons deur sy Seun Jesus Christus wat vir ons gesterf en opgestaan het. Deur Jesus Christus wat 'n vreemdeling en 'n hawelose gemaak is aan die kruis, het Hy ons wat vreemdelinge en haweloses geword het deur die sonde, weer in God se volk en sy gebied ingesluit. God kies en roep ons in en deur Jesus Christus om in Hom te glo, Hom te vertrou en Hom met oorgawe te volg. So word ons nou al deelagtig aan sy geestelike en fisiese gawes, maar ook eendag as ons Here terugkom om ons te kom haal. Intussen: Hoe gehoorsaam en getrou is ons aan God in sy land wat Hy vir ons geleen het? DK

LICORNA BEACH
UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS
Luukse seefront - vakansiewoonstelle, slegs 20km noord van Durban.
Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.
SENIOR BURGERS - geen trappe van woonstel na strand.
Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974
LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544
UMHLANGA ROCKS 4320
E-pos: licorna@intekom.co.za
http://licorna.co.za

Prof. Hennie Goede (Teologiese Skool Potchefstroom)

God se toekomsvisie vir sy kerk nou uitgeleef

Kerke sonder toekomsvisie?

Die kerk van ons Here Jesus Christus trap baie maklik in die strik om kerk sonder 'n toekomsvisie te wees, veral wanneer die uitdagings van kerk-wees oorweldigend raak. Luister mooi na Hiskia se gesindheid wanneer hy by die profeet Jesaja hoor dat al sy rykdom wat hy met soveel trots aan die koning van Babel se afgevaardigdes gewys het, in die hande van die einste koning sal val: "As daar maar net in my tyd vrede en veiligheid is!" (2 Kon. 20:19).

Sy gesindheid getuig van 'n gebrek aan 'n toekomsvisie, terwyl 'n positiewe, gelowige uitkyk op die toekoms juis belangrik is vir die kerk van die Here. Hy lig immers ons oë op om verby die uitdagings van kerk-wees na Hom in Christus te kyk, en dan te sien dat daar 'n toekoms vir sy kerk is.

Hierdie toekomsvisie van God roep ons as kerke op om nou, te midde van uitdagings, in gehoorsaamheid ons roeping in die wêreld uit te leef.

Hiskia se toekomslose visie

Ons ken vir Hiskia as een van die min konings van Israel en Juda van wie die Skrif positief getuig: hy het gedoen wat reg was in die oë van die Here, soos sy voorvader Dawid, en het nie die slegte voorbeeld van sy pa Agas nagevolg nie. Te midde van politieke en sosiale welslae in sy tyd, word Hiskia se koningskap veral onthou vir sy godsdienstige hervormings ná die volk se oorgawe aan afgodsdiens onder sy pa se regering. Hiskia het dus die Here geken en Hom met oorgawe gedien.

Maar soos alle mense het Hiskia ook sy oomblikke van swakheid gehad. Ons ken die geskiedenis van hoe hy siek geword het en die Here sy gebed vir 'n langer lewe verhoor het. Hiskia verval egter in hoogmoed ten spyte van hierdie groot genade wat God aan hom bewys het, en hy wys al sy rykdom en skatte vir die afgevaardigdes van die koning van Babel.

Dan profeteer die profeet Jesaja: alles wat Hiskia en sy voorvaders versamel het, sal deur die Babiloniërs weggevat word, ook sy seuns. Wanneer Hiskia hierop antwoord, is mens eintlik geskok: "Die woord van die Here wat jy aan my oorgedra het, is goed." Hiskia het bygevoeg: "As daar maar net in my tyd vrede en veiligheid is!"

Uit sy woorde is dit duidelik dat Hiskia nie 'n visie vir die toekoms vir sy koningshuis en vir die volk van die Here gehad het nie.

God gee vir sy kerk sy toekomsvisie

In 2 Kronieke 32:31 lees ons dat die Here ná hierdie gebeure vir Hiskia verlaat het om agter te kom wat regtig

in sy hart aangaan. Die Here wil dat Hiskia moet besef dat sy hart vol hoogmoed geword het, en dat hy hom in nederigheid tot God moet keer.

Maar Hiskia se uitspraak in ons fokusvers getuig van die teenoorgestelde: hy kyk in sy eie tyd en omstandigheid vas en dink nie oor die toekoms wat hy agterlaat nie.

Tog bied God juis vir sy volk, sy kerk vandag, 'n toekomsvisie. Wanneer Hy alles goed skep, ook vir Adam en Eva, is dit nie 'n visie, 'n droom vir die verre toekoms nie, maar die werklikheid in die paradys. Die mens leef in volkome harmonie met God en die skepping. Maar die sondeval vernietig hierdie perfekte prentjie – die mens se verhouding met God word verbreek, en daarom het die mens 'n toekomsvisie nodig, 'n prentjie van hoe hierdie verhouding weer herstel kan en sal word.

God gee hierdie visie vir die mens deur sy belofte van verlossing, en deur die geskiedenis word die prentjie soms duideliker en soms vervaag dit tot net 'n paar sketslyne. Uiteindelik breek God se toekomsvisie vir sy volk, en sy kerk, deur wanneer Hy sy Seun na hierdie wêreld stuur om sy verhouding met mense te herstel – om versoening tussen God en mens te bring (Kol. 1:19-20).

God se toekomsvisie vir ons nou uitgeleef

God dwing ons deur sy Woord en Gees om ons eie harte te ken. Hou ons nog vas aan sy toekomsvisie vir ons? Ons weet mos dit gebeur so maklik: As dinge begin swaar gaan, verloor ons perspektief en word ons só vasgevang in die uitdagings dat dit lyk asof daar geen toekoms meer is nie. Dan kyk ons vas in die uitdagings van kerkwees: dalende getalle, min jongmense, kwynende inkomste teenoor groeiende uitgawes, al meer mense om ons wat kerklos of kerkloos raak, valse kerke wat mense op 'n dwaalspoor lei.

En dan is die gevaartekens van 'n kerk sonder toekomsvisie sommer baie duidelik: 'n kerk wat net bestaan en oorleef vir vandag sonder 'n gedagte aan môre, wat nie Christus se liefde na binne en buite bedien nie, wat blind is vir die geestelike en fisiese nood van die wêreld rondom ons.

Hoe behou ons dan God se toekomsvisie vir sy kerk? Deur ons oë op Hom gerig te hou eerder as op die uitdagings. Deur ons oë gerig te hou op ons Here Jesus aan die regterhand van die Vader, die Begin en Voleinder van ons geloof. Deur ons te onderwerp aan God se Gees wat ons die geloof en vertroue gee om ons oë vir God se toekomsvisie oop te maak, wat ons die krag gee om daarin te volhard. En ons lewe hierdie toekomsvisie vandag prakties uit deur gehoorsaam te wees aan die groot gebod (liefde vir God en vir ons medemens) en die groot opdrag (maak dissipels van al die nasies).

Wanneer ons ophou om gehoorsaam te wees, het ons 'n kerk sonder God se toekomsvisie geword!

God se toekomsvisie eendag volmaak vervul!

Wanneer ons te midde van moeilike omstandighede steeds ons roeping as kerke uitleef, kom ons met verwagting nader aan die voltooiing, die vervulling van God se toekomsvisie vir sy kerk, naamlik die wederkoms van ons Here Jesus. Dan sal ons ook die nuwe hemel en nuwe aarde beleef, die nuwe Jerusalem, en in volkome versoening en vrede met God in sy heilige teenwoordigheid lewe.

So bemoedig en troos God se toekomsvisie ons vandag reeds met ons oog op Hom en ons Here Jesus gerig! DK

> Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis – ek sê deur Hom – die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.
>
> *– Kol. 1:19, 20 (1933/53-vertaling)*

Ds. HC van Rooy (Charl) (Randburg)

Die Dordtse Leerreëls (4)

Die uitverkiesing:
'n Loflied oor God se alléén-werkende genade! (Hoofstuk 3/4:1-6, 11-12)

Die optimisme oor die mens ontnugter ...

Die optimisme waarmee die mens na homself en sy eie vermoëns kyk, doen meer kwaad as goed ... aan daardie selfde mens. Eenvoudig, omdat die mens dan uitgelewer is aan sy vrye wil, wat toe nie so vry is nie – in elk geval, nie om die goeie - én vir God – te kies nie.

Immers, hoe dikwels hoor mens nie die oproep om *"jou hart vir die Here te gee"* nie – natuurlik bedoel, uit jou eie vrye keuse. Daar is 'n neiging (ook by baie gereformeerdes) om in die prediking (en geloofsgesprekke) meer klem te lê op die oproep tot bekering, die verantwoordelikheid van die mens om die beloftes van God aan te gryp en om Christus en alles wat Hy gedoen het in die geloof te omhels.

Sekerlik kan daar nie fout mee gevind word nie, mits dit vanuit die hoek van die evangelie gebring word – die hoek van die uitverkiesende genade van God. Dit het geen sin om bekering te preek, as dit nie gebeur teen die agtergrond van die versekering dat God se genade ons bekering voorafgaan nie, en dat sy keuse ons keuse moontlik maak en ons daartoe oproep nie. Dit het geen krag om die mens te wys op sy verantwoordelikheid om Christus in die geloof aan te neem, as ons nie terselfdertyd ook besef dat hierdie verantwoordelikheid alleen deur die Heilige Gees gewerk kan en moet word nie.

Wie die oproepe losmaak van die genade van God wat dit (ons verantwoordelikheid) voorafgaan, preek 'n moralisme en dompel mense net nog dieper in 'n gat van onsekerheid. Die feit is, geen mens kan deur sy/haar eie vermoë hierdie keuse maak ... én daarby hou, nie! Hoeveel geestelike lyke lê nie langs die lewenspaaie nie – ontnugter (en ongelowig), juis omdat hulle optimisme hulle bedrieg het.

Vrye wil strewe na lewe, maar raak toe gebonde aan die dood!

Die Bybelse pad loop só: God het die mens na sy beeld geskep wat beteken dat *hy in sy wil en hart met geregtigheid toegerus* was, *en sy hele gesindheid suiwer* was. *Hy was volkome heilig* (DL.3/4:1) en kon dus uit vrye wil vir God kies.

En toe strewe (reik) die mens, ook uit sy vrye wil en onder verleiding van die duiwel, na die lewe, of te wel, na dit wat die duiwel as die lewe voorgehou het ... en die mens val hom toe dood! Hierdie dood is natuurlik eerstens geestelik te verstaan en beteken dat die mens hom *van God losgeskeur en homself beroof van* dit wat hy as beeld van God gehad het (DL.3/4:1) – *onbekwaam tot enigiets goeds wat hom salig sou kon maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde* (magteloos vasgegryp in die greep daarvan) (DL.3/4:2).

Kortom, hier het die mens sy vrye wil, naamlik sy vermoë om vanself vir God te kies, verloor! Voortaan is sy wil gebonde om eerder die verkeerde te kies. Nee, hy het nie opgehou om beeld van God te wees nie, net – dit is verskriklik geskend. Weliswaar het daar nog enkele straaltjies van die lig van die natuur oorgebly wat maak dat mens nog 'n mate van kennis van God het, 'n onderskeid tussen

die goeie en slegte behou het en selfs daarna kan streef om nog die goeie te doen. Terloops, dit verklaar waarom ongelowiges ook goeie dinge kan doen. Maar, dit is onmoontlik om hierdeur tot die saligmakende kennis van God te kom en jou weer tot God te bekeer (DL.3/4:3,4).

Hierin lê 'n belangrike verskilpunt met die Arminianisme. Ja, hulle erken die sondeval, maar ontken die erfsonde en onderspeel boonop die effek van die sonde drasties asof die sondeval nie die wil van die mens aangetas het nie en daarom ook nie deugde soos goedheid, heiligheid en regverdigheid nie (DL/VD 3/4:1-3). Vandaar die eindelose optimisme in die mens, wat as gevolg van sy eie "goedheid" die inherente vermoë besit om God aan te neem of te verwerp, deel te kry aan die verlossing, of nie.

Hierteenoor leer die Dordtse Leerreëls op voetspoor van die Skrif (Gen.2:17; Ef.2:1-3; Rom.5:12) dat alle mense dood is in die sonde. Dit is die lot van alle mense ná die sondeval (DL.3/4: 1-3). En ... hierdie toestand ontvang mens nie omdat jy die slegte voorbeeld van ander (ons voorouers) navolg nie (dan sou ons mos 'n "beter" voorbeeld kon navolg en die sonde afleer). Nee, ons het dit oorgeërf! Die geestelike doodsheid sit as't ware in ons bloed. Self kan ons niks daaraan doen nie. Net so min as wat 'n lyk sy doodsheid kan omkeer in lewe.

Ons het 'n wedergeboorte (lewendmaking) nodig!

Daarom, bely die Dordtse Leerreëls 3/4:3*, sonder die genade van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, kan en wil hulle nie tot God terugkeer of hulle bedorwe natuur verbeter of onderneem om dit te verbeter nie*. Die wedergeboorte bewerk die Heilige Gees deur middel van die Woord en die bediening van die versoening in Christus waardeur God besluit het om die gelowiges salig te maak (1 Pet.1:23-25). Natuurlik nie só asof die Heilige Gees slegs die genade uiterlik aanbied vir mens om in sy vrye wil te aanvaar, of te los nie.

Aangrypend bely die Dordtse Leerreëls 3/4:11 *dat God deur die kragtige werking van die Heilige Gees, wat die wedergeboorte skenk, ook dring tot in die binneste dele van die mens, open Hy geslote harte, versag Hy wat hard is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam.*

God se alléén-werkende genade!

Anders as die Arminianisme wat die mens oproep om vir God te kies op grond van sy/haar vrye wil, bely die DL dat die redding geheel en al God se werk is. Dit is God wat *sonder* ons *in* ons werk (DL.3/4:12). Dit is die belydenis van die alleen-werkende genade van God! Nie 'n samewerkingsooreenkoms waarin God en mens vennote word in sy redding nie. Nie die mens wat opgeroep word om die eerste tree op die verlossingspad te gee nie, maar die Bybelse oproep om God se genade wat Hy skenk en in ons werk ons eie te maak. Loof die Here vir sy alleenwerkende genade! Vervolg

ACTA
Ofte
Handelinghen
Des
NATIONALEN
SYNODI
Inden name onses Heeren Jesu Christi.
Ghehouden door authoriteyt der Hoogh: Mogh: Heeren Staten Generael des Vereenichden Nederlandts
TOT DORDRECHT,
Anno 1618. ende 1619.
Hier comen oock by de volle Oordeelen vande vijf Artijckelen.
Tot Dordrecht,
Ghedruckt by Isaack Iansz. Canin, ende zijne geassocieerde Druckers inde selvighe Stadt 1621.
Met Privilegie der H. M. Heeren Staten Generael.

Titelbladsy van die gedrukte Acta in die Nederlandse vertaling 1621 (De synode van Dordrecht in 1618 en 1619 – W van't Spijker et al.)

Dr. PH Heystek (Pieter) (in opdrag van die Kuratorium)

Kuratorerapport: Junie 2018

Die Kuratorium het op 19 Junie 2018 te Potchefstroom vergader. Die vergadering word vir 'n termyn van drie jaar saamgestel deurdat uit elk van die sewe Streeksinodes in die GKSA, drie predikante verkies word (vier uit Noordwes wat Namibië insluit).

Dagbestuur
Voorsitter: ds. P Venter
Ondervoorsitter: dr. GJ Meijer
Hulpskriba: dr. D Lartz
Addisionele lede: di. MA Modise en CA Jansen

Senaatsrapport
Rektoraat – Die Kuratore het by hierdie vergadering die rektoraat vir die volgende termyn van drie jaar vanaf 1 Januarie 2019 verkies.

Rektor: prof. G Breed
Viserektor Akademiese Sake: prof. RS Letšosa
Viserektor Studentesake: prof. HG Stoker

Doserende personeel – Ingevolge Artikel 18 Kerkorde dien die volgende professore as dosente:
G Breed, AJ Coetsee, IW Ferreira, PH Fick, H Goede, RS Hobyane, FP Kruger, RS Letšosa, LH Moretsi, DF Muller, J Smit, HG Stoker, PC van der Walt, SP van der Walt, FP Viljoen.

Bywoning van Streeksinodes 2018 – Streeksinodes kan in 2018 die professore as adviseurs na die vergaderings nooi volgens die onderstaande rooster:
Bosveld: PC van der Walt
KZN en OVS: RS Hobyane
Noordwes: DF Muller
Oostelike: HG Stoker
Pretoria: SP van der Walt
Randvaal: LH Moretsi
Suidelike: FP Kruger



Administratiewe personeel – Mev. Ami du Toit is die Registrateur van die TSP. Mev. Elsabé Labuschagne (foto) is vanaf 1 April 2018 aangestel as die assistent van die Rektor en Rektoraat. Mev. Nardine Bothma is behulpsaam as assistant van die Skooldirekteur, prof. G Breed.

Studentesake
- Kandidaatstudente (TSP): 47 kandidate studeer aan die NWU Potchefstroomkampus met die oog daarop om hulle as predikante te bekwaam.
- Docenda-studente: 10 studente is via Docenda ingeskryf as kandidaatstudente.
- Kampe en toere: Die nuwelingekamp vir Kandidaats 1-studente het in Junie 2018 plaasgevind; die Kerkgeskiedenistoer met die finalejaarstudente vind in die eerste semester plaas; en die geloofsgroeikamp vir finalejaarstudente vind gedurende die naweek van 10-11 November 2018 plaas.

- Praktiese werk deur studente 2018: Predikante onder wie se toesig praktiese werk plaasvind, het daaroor aan die Rektoraat rapporteer, wat die aanbevelings en opmerkings opvolg.

Die verhouding tussen die NWU en die GKSA

Die dagbestuur van die Kuratore ontvang opdrag om die onderhandelinge met die Universiteit voort te sit. Genoemde gesprekvoering fokus op die verhouding tussen die NWU en die GKSA.

Docenda

Studente word deur Docenda in staat gestel om oor afstand te studeer. Persone wat via Docenda by die NWU wil studeer, kan van die volgende kennis neem:

- Docenda se tegnologie maak dit moontlik om graadstudies by enige student se werk- en woonplek te bring mits 'n internetdiens beskikbaar is.
- Docenda fasiliteer graadkursusse vir die NWU in die teologie en die opvoedkunde vir enige student wat aan die NWU se vereistes vir daardie kursus voldoen.
- Die koste van een jaar se graadstudie via Docenda is nagenoeg een-derde van vergelykbare kostes vir op-kampus studies.
- Docenda se ooreenkoms met die NWU skep geleentheid vir studie in die teologie (vir enige kerk) en die opvoedkunde. Grade in ander vakrigtings is tans onder bespreking.

Versorgingskommissie

Die Versorgingskommissie bestaan uit twee of drie nabywonende Kuratore. Tans dien dr. D Lartz en ds. CA Jansen as kommissielede, met die volgende opdrag:

- Om minstens eenmaal per jaar elk van die beroepe professore en sy vrou (gesin) te besoek om toe te sien dat KO Art. 11 nagekom word. Die Versorgingskommissie rapporteer aan die Dagbestuur soos nodig en handel in oorleg met die Finansiële Kommissie waar nodig.
- Om 'n nuwe professor wat beroep is, by te staan in sy hervestiging ten opsigte van moontlike versorging wat nodig is.
- Om twee keer per jaar besoek aan die emeriti te bring ten opsigte van hulle versorging.

Expando

Dié Ondersteuningsdiens vir Bedieningstoerusting en Begeleiding is gerig op voortgesette toerusting en praktiese vaardigheidsontwikkeling van predikante asook van ouderlinge en diakens en lidmate.

Hiermee saam word ook toerusting en begeleiding van kerke beplan vir hulle eie uitdra van die evangelie en vir die uiteindelike plant van kerke. Skakel gerus met dr. Malan van Rhyn (082 558 0538) vir meer inligting.

Die professore, studente en ander personeel van die TSP word aan die troue sorg en leiding van die Here opgedra. DK

BRIEWEBUS

Ons het 'n brief ontvang van **br. Piet de Vries** van Durbanville na aanleiding van die artikel deur dr. Natie van Vuuren oor Maria, die moeder van Jesus (*Die Kerkblad,* Mei 2018). Br. De Vries het veral beswaar dat die artikel grootliks van buite-Bybelse gegewens gebruik maak (apokriewe geskrifte) en die profesie van Maria self verswyg word.

Die redaksie antwoord soos volg: Ons oordeel dat die skrywer van die betrokke artikel nie slegs die bekende gegewens wou herhaal nie, maar ook gegewens wou meedeel waarvan ons lesers nie altyd bewus is nie. In Artikel 6 van die NGB bely ons onder andere oor die apokriewe boeke: "Die kerk mag hierdie boeke wel lees en daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem."